# Rondom Noordrand

*Elkeen vervul sy funksie om Noordrand as liggaam van Christus in liefde op te bou!*

## Gereformeerde Kerk Noordrand

**3 Julie 2022**

---

**WELKOM BY ONS EREDIENS**

**EREDIENSTYD: 9:30** **PREDIKER: ds Frederik Dreyer**

## Woordbediening

**Woord:** Psalm 100
**Boodskap:** Ons dank U Here – want aan u liefde is daar geen einde nie!

## 3 Julie – Spesiale Dankie sê erediens

Ons vra almal om as tasbare bewys van ons dank `n kombers saam te bring wat ons gaan uitdeel aan die behoeftiges

EN

Moet asb nie die Diakonie se koskas vergeet nie. Nie bederfbare kosprodukte om mense in nood te voed.

***Here – dankie – Here!***

Ek het in my hart tot besef gekom dat dank gaan nie oor wat ons omstandighede is nie maar om in alles dankbaar te wees want dit gaan oor die eer en verheerliking van God.
Liefdegroete

Ergste van covid is verby – ons gaan see toe! 800km verder skuif woonwa se ruit oop. Stop en toe maak is al opsie wat ons het. Die snelweg word versigtig benader net om binne 'n paar honderdtreë weer

te moet stop. 'n Liederlike kettingbotsing. As die venster nie oopgegaan het nie, was my kinders in die middel daarvan! Dankie Vader vir U bewarende hand! Ons is deur covid en deur dood, U genade is oneindig groot!

Dankbaar (1) vir 57 jaar van `n vol lewe met so baie liefde wat ek saam met my man beleef het en ook vir die baie omgee en liefde wat ek van my kinders en kleinkinders kry.
Dankbaar (2) vir al die omgee mense – ou en nuwe vriende wat altyd daar is om te help.
Dankbaar (3) vir my ander familie wat al so baie vir my gedoen het.
Dankbaar (4) om in tye van alleenwees, hartseer en verlange met my God te kan praat wat ook vir my troos en heeling bring.
Dankie (5) vir ons mooi land en sy mense
Liefdegroete

Vanoggend lank gedink oor presies dit wat jy vra, en ek kan seker baie dinge noem, maar weet jy, ek sal graag dankie wil sê vir die gebed wat Jesus vir Sy dissipels geleer het toe hulle Hom gevra het hoe om te bid. En as ek terug dink oor die laaste twee jaar of langer veral die Gee ons vandag ons daaglikse brood,, en laat U wil geskied!

***Ons DANK U HERE!***

## Eredienste : Noordrand YouTube kanaal

Ons gaan (DV) voort om ons eredienste op ons YouTube kanaal te stroom. Ons doen die meer weens Covid 19 nie, maar as `n geleentheid om die woordbediening uit te brei. Lidmate kan tydens na die erediens daarop inskakel. Gaan na YouTube en soek Gereformeerde Kerk Noordrand.

## Kollektes : 3 Julie 2022

- Diakonie
- Erediens-onderhoud

## Meelewing

John Lizamore is opgeneem in die huis van ons Vader in die hemel. Ons dank die Here – sy lyding hier is verby. Ons bid en vertrou dat die Here Marietjie + Riaan sal troos + sal dra in hierdie hartseer tyd. John se troosdiens is DV op Vrydag 8 Julie 2022 in ons kerkgebou. Laat weet asb vir Jeanne as julle `n bordjie eetgoed kan bring of kan help met die tee / koffie na die troosdiens.

## Teeskink:

26 Junie tot 10 Julie: Geen tee – skoolvakansie

## - VERJAARSDAE –

**Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar:**

**3 Jul:** Koenie Scutte; Ben Henning
**8 Jul:** Rita van Rooyen; Carolina Vorster

Mag Goedheid en Guns julle altyd deur die lewe volg

## Wysheid uit Spreuke

Spreuke 24:7

Wysheid is bo 'n dwaas se begrip; hy kan dit nie waag om sy mond oop te maak waar leiers beraadslaag nie.

## Yskas gesoek

Die yskas in die kerk se kombuis het die gees gegee. Indien daar dalk 'n lidmaat is wat 'n "barfridge" of kleinerige yskas het om te skenk, kontak vir Jeanne asb.

Byvoorbaat dankie

## ADMINISTRASIE

**PREDIKANT**: Ds Frederik Dreyer - (e-pos: 333fmd@gmail.com):
**e-POS ADRES**: Noordrandgk@gmail.com;
**WEBADRES:** www.gk-noordrand.co.za
**ADMIN BEAMPTE**: Jeanne Prinsloo
**KOSTER**: Sarel Breedt
**ORRELIS**: Daniela Pretorius
**VOORSITTER BK.**: Oudl Herman Venter

## BYDRAES EN DONASIES

Lidmate kan bydraes of donasies op die volgende wyses gee:

- Kontant in koevertjies, elektroniese oorbetaling of met Snapscan

Snap here to pay

SnapScan

## *Vergifnis ontgiftig jou*

*Ekerk Goeie nuus – Stephan Joubert*

Die woord vergifnis kom slegs maklik oor jou eie lippe as jy niemand het om te vergeef nie. Maar as iemand jou ingedoen het, sit vergifnis skielik nie meer so maklik aan jou lyf nie. Om nie eens te praat van hoe moeilik dit is as jyself onder iets soos ’n sinnelose misdaad deurgeloop het nie. Of as jy geldelik ingedoen is deur iemand anders nie. Dan voel jy soos wat Clint Eastwood in ’n fliek gesê het: “*God forgives, I don’t*.”

Hoe groter die onreg is wat jy gely het, hoe moeiliker is dit om te vergeef. Maar op die ou end is vergifnis die enigste gesonde ontsnappingsroete uit die tronk van bitterheid. Dit is al roete wat jou regtig ontgiftig. Hierdie moeisame pad van vergifnis is deur Jesus vir ons voorgeleef toe Hy op aarde was. Tot aan die kruis het Hy vergifnis bewys aan Sy spotters en moordenaars. Sulke vergifnis veroorsaak nie dat alles skielik weer reg is of dat alles oor en vergete is nie. Maar dit deurbreek daardie eindelose spiraal van pyn en woede. Laat Christus jou leer hoe om te vergewe. Laat Hy jou stelselmatig vrymaak van die gif van bitterheid.